



<b>VAK EN GRAAD</b>	GEOGRAFIE – GRAAD 12	
<b>KWARTAAL 1</b>	Week 2 Les 2	
<b>ONDERWERP</b>	<b>TROPIESE SIKLONE</b>	
<b>DOEL VAN LES</b>	Om jou kennis, begrip en interpretasie van tropiese siklone en hulle impak te versterk	
<b>BRONNE</b>	<b>Papier gebaseerde bronne</b>	<b>Digitale bronne</b>
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Les op bladsye 2</li> <li>• Leerdertaak op bladsye 3-5</li> <li>• Handboek: Middelbreedte siklone</li> </ul>	<a href="https://www.youtube.com/watch?v=LIXVikDkyTg">https://www.youtube.com/watch?v=LIXVikDkyTg</a> <a href="https://www.youtube.com/watch?v=lf4cRh2lhL4">https://www.youtube.com/watch?v=lf4cRh2lhL4</a> <a href="https://www.youtube.com/watch?v=NEFG7YclDcl">https://www.youtube.com/watch?v=NEFG7YclDcl</a>
<b>INLEIDING</b>	<b>Jy moet van vorige grade/huidige graad/vorige les onthou:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Graad 11: Globale lugsirkulasie - Oostewinde</li> </ul>	
<b>KONSEPTE EN VAARDIGHEDE</b>	<b>Jy moet ken:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Algemene kenmerke van tropiese siklone.</li> <li>• Gebiede waar tropiese siklone voorkom</li> <li>• Stadiums van ontwikkeling en verwante weertoestande</li> <li>• Weerpatrone assosieer tropiese siklone</li> <li>• Impak van tropiese siklone</li> <li>• Lees en interpretasie van satellietbeelde en sinoptiese weerkaarte</li> </ul>	<b>Jy moet instaat wees om:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• kennis en konsepte op verskeie geografiese bronne te kan toepas.</li> <li>• grafieke, inligtingingsgrafieke, diagramme en sinoptiese weerkaarte te kan lees en interpreteer.</li> <li>• data-respons vrae te kan beantwoord.</li> <li>• 'n paragraaf te kan skryf.</li> </ul>
<b>AKTIWITEITE/ ASSESSERING</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aktiwiteit vir hierdie les is op bladsye 3-5</li> <li>• Bykomende aktiwiteite in jou handboek</li> </ul>	
<b>VASLEGGING</b>	<b>Jy moet hierdie onderwerpe bestudeer deur Geografiese sleutelvrae te vra soos:</b> Wat en waar is dit? Hoe lyk dit? Hoe verskil dit? Wat is die impak? Hoe kan dit bestuur word?	
<b>WAARDES</b>	<b>Bewustheid</b> van verwoesting deur tropiese siklone in gebiede van die wêreld saai en die uitdagings wat sommige lande het om hulle te bestuur. .	

## TROPIESE SIKLONE

Algemene kenmerke (Hoe lyk)	Waar word tropiese siklone aangetref?	Weerpatrone	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Intense laagdruk.</li> <li>• Name in alfabetiese orde.</li> <li>• Vorm in tropiese gebiede, oor tropiese oseane, verder as 5° vanaf die Ewenaar (Corioluskrag)</li> <li>• Gedurende laat somer of herfs.</li> <li>• Beweeg van OOS na WES. WEG vanaf die Ewenaar. Draai OOS by 30°.</li> <li>• Verwoesting veroorsaak deur stormwinde, stromdeinings, swaar reënval</li> </ul>	<p style="text-align: center;">Atlantic and Northern Pacific Ocean      Indian Ocean &amp; Southwestern Pacific Ocean</p>	<p style="text-align: center;">← Movement →</p>	
Wat is die negatiewe impak?	Strategieë (Hoe bestuur?)	Omstandighede vir ontstaan	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Infrastruktuur: Paaie/brue/pypleidings</li> <li>• Ekonomie: Besighede/oes/kostes</li> <li>• Sosiaal: Dood/besittings vernietig</li> <li>• Omgewing: Erosie/water besoedel.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goeie weervoorspellings.</li> <li>• Volg storm en hou mense op hoogte.</li> <li>• Vroeë waarskuwingtoestelle.</li> <li>• Mediese en reddingsdienste gereed.</li> <li>• Bou huise met sterk materiaal.</li> <li>• Ontruimingsroetes en -prosedures</li> <li>• Moenie sterk-voeiende riviere oorsteek</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Seetemperatuur van ten minste 26°C</li> <li>• Hoë humiditeit</li> <li>• Onstabiele lug</li> <li>• Min oppervlakte wrywing</li> <li>• Ligte, veranderlike winde</li> <li>• Lugdruk laer as 950hPa</li> <li>• Bolug divergensie</li> </ul>	
Hoe ontwikkel tropiese siklone? (Ontwikkelingsstadiums)			
<p><b>1. Vormingstadium</b> Lugdruk bo 1 000 hPa.</p>	<p><b>2. Onvolwassestadium</b> lugdruk onder 1 000 hPa.</p>	<p><b>3. Volwassestadium</b> Lugdruk ver onder 1 000 hPa.</p>	<p><b>4. Ontbindingstadium</b> Lugdruk neem toe meer as 1 000 hPa.</p>


Glenn Samaai



## LEERDERTAAK 2



*Dwarsdeursnee is 'n baie belangrike wyse om Geografie te toets. Maak seker dat jy al die byskrifte van dwarsdeursnee ken. Jy kan ook gevra word om eenvoudige dwarsdeursnee te teken. Daarom moet jy gereeld oefen om diagramme te teken.*





Voorsien die volgende byskrifte op die bostaande dwarsdeursnee van die tropiese sikloon:

- Oog
- Oogwall
- Cumulonimbus wolk
- Dalende lug in die middel van die storm
- Bewegrigting van die storm
- Swaar reën
- Ligte reën

### LEERDERTAAK 3



*Gevallestudies is 'n belangrike wyse waarop inhoud in eksamens getoets word. Moenie 'n gevallestudie as 'n begripstoets beskou nie. Die inligting in gevallestudies word gebruik as agtergrond waarop vrae gebaseer word. Die antwoorde van sommige lae-orde vrae sal in die gevallestudie gevind word. Jy sal egter op jou kennis van van tropiese siklone moet staatmaak om die moeiliker vrae te kan beantwoord..*



<https://www.youtube.com/watch?v=s6bogGg4gCO>

Tropiese sikloon Eloise woed nog steeds oor die Indiese Oseaan op haar pad na Madagaskar. Daar word verwag dat sy more (19 Januarie) oor die land van Madagaskar sal beweeg. Daar word ook verwag dat sy teen Donderdag tot in die Mosambiekkanaal sal beweeg, waar sy sal versterk en tropiese sikloonsterkte sal kan bereik, net voordat sy oor die suidelike dele van Mosambiek teen Saterdag (23 Januarie) sal beweeg.

Sikloon Eloise het op 23 Januarie 2021 oor Mosambiek beweeg. Die bostaande gevallestudie bestaan uit die volgende:

- 'n kaart wat die beweging van die sikloon toon.
- 'n kort artikel in verband met die sikloon
- 'n QR kode en 'n skakel (link), wat die verwoesting van die sikloon toon

1. In watter rigting beweeg Eloise? (1x1) (1)
2. Waarom beweeg Eloise in hierdie rigting? (1x2) (2)
3. Waarom word daar verwag dat Eloise tropiese sikloonsterkte teen Donderdag sal bereik? (2x2) (4)
4. Die volgende windspoed was vir die sikloon voorspel:

19 Januarie	81 km/h
20 Januarie	62 km/h
22 Januarie	114 km/h
23 Januarie	122 km/h

Verduidelik die volgende:

- 4.1 Die afname in windspoed tussen 19 en 22 Januarie. (2x2) (4)
- 4.2 die toename in windspoed tussen 20 en 23 Januarie. (2x2) (4)
5. Skandeer die QR kode of volg die skakel(link). In 'n paragraaf van ongeveer 8 reëls, beskryf die impak wat Eloise op Mosambiek volgens die videogreep gehad het. (4x2) (8)

## KONSEPTE/TERME



- Jy moet die definisies van die volgende terme/konsepte ken.
- Definisies van terme verkyn in eksamenvrae.
- Hierdie terme word gebruik om vrae te stel. Jy moet dit ken om vrae te kan beantwoord
- Hierdie terme behoort deel van jou Geografie vaktaal te vorm

## WOORDBORD

Vorteks

Laagdruk

Oog

Sirkelvormige Isobare

Aktiewe kwadrant

Stormdeining


Oogwal

Corioluskrag




## QR KODES

Skandeer QR kodes om jou te koppel aan die digitale bronne op bladsy 1 genoem.



Hurricanes 101  
National Geographic



Tropiese Siklone  
Telematics



The Science  
of Hurricanes